**2.9**
**BANKREKENINGE**

**Bestek: Die beleid verskaf die finansiële reëls en regulasies soos van toepassing op bankrekeninge buite die US.**

**Beleid:**

Die Universiteit Stellenbosch volg 'n beleid van gedeeltelike gedesentraliseerde finansiële bestuur. Met die implementering van die VSB model sal dit in 'n toenemende mate gedesentraliseer word. Die afwenteling van gesag rakende die uitvoering van beleid en prosedures, soos deur die Raad goedgekeur, gaan egter gepaard met bepaalde verantwoordelikhede. Die finansiële beleid van die Universiteit word saamgevat in die Finansiële Beleid, wat op die Universiteit se webwerf onder aanlyndienste vir personeel beskikbaar is.

Volgens die goedgekeurde beleid moet alle finansiële bedrywighede van departemente, afdelings, institute, buro's, sentra en ander universiteitsverwante aktiwiteite slegs via die Universiteit se finansiële stelsel hanteer word.

Aparte bankrekeninge mag dus nie deur bogenoemde entiteite geskep word vir hulle aktiwiteite nie, aangesien sodanige transaksies dan nie onderworpe sal wees aan die Universiteit se beleid en prosedures asook die interne en eksterne oudit van die Universiteit nie. Indien sulke gevalle wel voorkom, sal dit deur die Universiteit se forensiese ouditeure ondersoek word en sal die werknemers onderhewig wees aan moontlike dissiplinêre optrede deur die Universiteit.

Verdere besonderhede kan by die Finansies Afdeling: Fondse en Batebestuur verkry word by sunbank@sun.ac.za.

**Kontak afdeling:**
Finansies Afdeling: Fondse en Batebestuur